Mutsuku

Izak De Vries

LETTERLIK

Vraag 1.

1.1. Dinsdagoggend. (1)
1.2. Meneer Ndou. (1)
1.3. Vroeg in die oggend. (1)
1.4. Sy hemp die vorige dag al netjies gewas en gestryk en hy het ook sy skoene skoongemaak. (2)
1.5. ‘n Blikkie Kiwi politer. (1)
1.6. ‘n Kleipotjie. (1)
1.7. Pap. (1)
1.8. Wanneer hy tevrede is dat die pap lekker styf is. (1)
1.9. Hy krap die een helfte in sy bord en die ander helfte in die hond, Mutsuku, se bord. (1)
1.10. Mutsuku. (1)
1.11. ‘n Vryf tussen die ore. (1)
1.12. Hy laat sy stert so ‘n keer of wat beweeg. (1)
1.13. Hy kyk half skuldig na die pap. (1)
1.14. Mutsuku gaan lê weer in die son. (1)
1.15. ‘n Botteltjie bier. (1)
1.16. ’n Bier sit darem ook weer iets in ‘n man se maag. (1)
1.17. Die hond staan deesdae al hoe swaarder op. (1)
1.18. Hy voel skuldig, omdat hy nie meer kos het wat hy vir Mutsuku kan gee nie
1.19. Daar is baie monde om te voer m.a.w. daar is baie mense wat moet eet
1.20. Hy kyk om en wikkel sy stert
1.21. Sodat die son hom op sy sye kan bak
1.22. “Daardie hond is mos al oud.”
1.23. “altyd”
1.24. Engeland
1.25. Hy waai vir meneer Ndou.
1.26. Dat hy hom ‘n ander naam sal moet gee.
1.27. “Die rooi een.”
1.28. Hulle is altwee al oud.
1.29. Black Label.
1.30. ‘n Hele dumpie – 340 ml
1.31. Pensioendag, wanneer hy sy geld kry.
1.32. ‘n Sinkkaia.
1.33. Want Mutsuku het dalk die res van die pap meer nodig.
1.34. Hy is verbaas.
1.35. Want hy kry nie gewoonlik ‘n tweede keer kos nie.
1.36. “Sy eie maag se ligte protes...”
1.37. Hy was albei borde deeglik.
1.38. Hy het ‘n kraan, m.a.w. water, naby sy kaia.
1.39. Hy moes die plek vat in ‘n vrou se agterplaas.
1.40. R428-17
1.41. Daar was nie water nie en dit was ook ver van die hospitaal.
1.42. Sy het self baie monde om te voer m.a.w. baie mense om voor te sorg.
1.43. Hy het geweet ,dat hy met die orige geld vir hom en Mutsuku sal kan sorg.

1.44. Om oud te word en om siek te word. (2)
1.45. Hy loer in die spieel bokant sy bed en druk sy hoed reg.
1.46. Want almal het hulle pensioen gaan haal.
1.47. ...soos ryk mense ...(1)
1.48. Hy sien die mense al in ‘n tou staan.
1.49. Jy kan hoe vroeg kom, daar sal altyd mense voor jou daar wees.
1.50. Met sy laaste bietjie spaargeld.
1.51. Hy sit ‘n bietjie geld aan begin van elke maand weg.
1.52. Meer as ‘n uur.
1.53. ’n Halfuur.
1.54. Voordat die vensters oopgemaak word.
1.55. Hulle druk vorentoe.
1.56. Wanneer jy weet jou sakke bult netnou weer.
1.57. ’n Geraas.
1.58. Hulle beur nog ‘n bietjie vorentoe.
1.59. Dat daar nie geld is nie.
1.60. Dat dit verkeerd is.
1.61. Vir huur en vir kos.
1.62. Hy kan sonder bier klaarkom.
1.63. Avokado’s.
1.64. Baie honger kinders.
1.65. ... hy het nooit kinders gekry nie.
1.66. Hulle tel nie geld nie en hulle het vorms by hulle.
1.67. Hy het by die mense wat voor hom in die tou was gehoor.
1.68. Jy moet die vorm hospital toe vat. Die hospitaalpersoneel sal dit dan invul. Dan moet jy dit terugbring en dan weer aansoek doen vir pensioen.
1.69. “Hoe lank gaan ons moet wag?”
1.70. Die jong man trek sy skouers op.
1.71. Hy probeer ‘n vorm verby meneer Ndou na ‘n vrou agter hom in die tou aangee.
1.72. ...
    1.72.1. “’n waterigheid in meneer Ndou se oë.”
    1.72.2. “wat hy ergerlik met sy deurgewaste sakdoek afvee.”
    1.72.3. “deurgewaste”
    1.72.4. “stom”
    1.72.5. “...nie meer geld vir die taxi nie.”
1.73. Die son.
1.74. Dat hy nog steeds die papier in sy hand vashou.
1.75. Hy klik sy tong ergerlik.
1.76. Dat die vorm nat van sy sweet gaan wees as hy by die hospital aankom en daarom nie sal kan laat invul nie. (oninvulbaar)
1.77. Twaalfuur/Eenuur/Twee-uur.
1.78. KOLOMME
    1.78.1 – E
    1.78.2 – D
    1.78.3 – B
    1.78.4 – C
    1.78.5 – A
1.79. Dat die ander mense al gevra het.
1.80. Dit is baie lank.
1.81. Daar is skaduwee.
1.82. Baie mense het al kom vra van die vorm, maar die hospitaal weet nie van die vorm nie.

1.83. Hy kan hom ‘n nommer gee, dat die dokter hom kan sien.
1.84. Passief , geduldig.
1.85. Hy het in die hospital se tuin gewerk.
1.86. Vroeg die volgende dag m.a.w. Woensdag.
1.87. Hy gaan eers toilette toe.
1.88. Hy drink water uit die kraan.
1.89. Doodmoeg “
1.90. Hy staan stadig op en druk sy snoet in meneer Ndou se hand.
1.91. Madiba se regering.
1.92. Omdat die regering nie meer na die mense kyk nie.
1.93. Want sy liggaam is gespanne/Van inspanning.
1.94. Die son is besig om onder te gaan en hy is honger.
1.95. ’n Avokado.
1.96. …
    1.96.1 “moeg “
    1.96.2 “swaar “
1.97. Hy sal binnekort weer hout moet kry en hy het nie geld om dit te koop nie.
1.98. 98.In die ou dae kon jy sommer hout gaan kap, omdat daar baie bome was. Deesdae is daar min bome, daarom moet jy vir die hout betaal.
1.99. Daar groei nie meer bome buite jou erf nie.
1.100. Hy sal ver moet loop.
1.101. “Helfte”
1.102. Mutsuku het daardie oggend meer gekry as gewoonlik.
1.103. Vas.
1.104. Sy maag. (m.a.w. hongerte)
1.105. Dat ontbyt vroeg is.
1.106. Baie vroeg, want baie taxi’s ry nog nie eers nie.
1.107. By die buitepasiente.
1.108. Hulle is oud, leun op krukke en sit in rolstoele.
1.109. “Geduld”
1.110. Die dokters het nog geen inligting van hoofkantoor af gekry nie.
1.111. Die volgende week.
1.112. Groen avokado’s.
1.113. Die kinders en die voëls moet dit eet.
1.114. Want sy het ook nie haar pensioen gekry nie.
1.115. Dat hy alles moet betaal, sodra hy sy geld kry.
1.116. Hyself eet avokado en los die pap vir Mutsuku.
1.117. Die feit dat hy vir Mutsuku afskeep.
1.118. “Sy eie maag roep elke oggend en elke aand, dat daardie pap darem lekker ruik...”
1.119. Maandag.
1.120. Want hy het swak gevoel.
1.121. Dat Mutsuku maerder raak.
1.122. Baie bekommerd.
1.123. Hy het eers ver van die hospital af gebly en nou bly hy naby die hospitaal.
1.124. “Laatslaap is altyd ‘n fout.”
1.125. Die tou beweeg gelukkig verbasend vinnig.
1.126. Na omtrent ‘n uur.
1.127. ’n Halfuur.
1.128. April
1.129. Want dit sal drie maande se pensioen wees wat hy gaan mis.
1.130. Dat hy pap by die hospitaal kan gaan haal.
1.131. NTK

1.132. ’n Goeie porsie pap.
1.133. Met sy deel van die pap.
1.134. Weer pap skenk.
1.135. Kinders het mnr. Ndou se huis beroof en sy pap gesteel.
1.136. Een van die bure se kinders.
1.137. ’n Sak.
1.138. Hulle slaan vir Mutsuku.
1.139. Hy huil.
1.140. Hy gooi sy komberse op die vloer en krul teen Mutsuku vas.
1.141. Die maatskaplike werker by die hospitaal.
1.142. Want al die mieliemeel is uitgedeel.
1.143. Stukkies van sy avokado.
1.144. ’n Paar seuns.
1.145. Hulle was besig om voor sy huis bal te skop.
1.146. Avokado’s
1.147. Hulle lag vir hom.
1.148. Een van die onderwysers.
1.149. In sy motor.
1.150. Met ‘n sambok.
1.151. Hulle moet hout bring en hulle mag nie avokado’s vat nie.
1.152. “Nie lank nie, toe lê die hoop hout hoër as wat beduie is.”
1.153. Mieliemeel.
1.154. Een van sy kollegas.
1.155. Hoe hy die jongmense gedreig het.
1.156. Om weer te kom kuier.
1.157. Om te sorg dat hy genoeg eet.
1.158. Want meneer Ndou is maer.
1.159. “Jy is baie maerder.”
1.160. Want sy bloedsuiker is baie hoog.
1.161. Hy vra haar of hy antibiotika kan kry.
1.162. Dat hy voel iets in hom sweer.
1.163. Vir Mutsuku.
1.164. Want Mutsuku se wonde sweer./Want die etter loop uit Mutsuku se wonde uit.
1.165. Vitamienpille
1.166. Dis nie goed om onnodig antibiotika te neem nie en daar hy het nie tekens van ‘n sweer nie.
1.167. Om die dokter van Mutsuku te vertel.
1.168. Om vir Mutsuku van die vitamienpille in te gee.
1.169. Drie dae.
1.170. Om homself met Mutsuku se wond te besmet.
1.171. ’n Stuk van een van sy huis se plate.
1.172. Op sy voorarm.
1.173. So vyf sentimeter.
1.174. Hy doop sy vinger in die etter en smeer dit in sy wond.
1.175. Hy bind dit toe.
1.176. Twee dae
1.177. ’n Verwysingsbrief
1.178. Antibiotika
1.179. Bietjies vir bietjies
1.180. ’n Sakkie mieliemeel en ‘n hele hoender.
1.181. Hy vra meneer Ndou of hy nie dink dat sy hond wil doodgaan nie.
1.182. “Hy is my vriend.”

1.183. Om van die koue hoender te eet.
1.184. Dat die hond dit waarskynlik nie sal eet nie.
1.185. Want hy voel self siek en nie baie goed nie.
1.186. Want hy het antibiotika gekry.
1.187. Twee maal ‘n dag.
1.188. Want dit staan op die pakkie en hy kan lees.
1.189. Hy lyk geskok.
1.190. Hy wil meneer Ndou in die hospital opneem.
1.191. “Dit kan nie, my hond is te siek.”
1.192. Hy gaan sieker word en kan dan ook doodgaan.
1.193. Ghana
1.194. Sodat hulle makliker kan kommunikeer.
1.195. Dat mnr. Ndou iets wegsteek.
1.196. Die Engelse dokter wat altyd verby mnr. Ndou se huis hardloop.
1.197. Om vir die Ghanese dokter van sy hond te se.
1.198. Wilson
1.199. Want dokter Wilson het sy situasie aan hom verduidelik.
1.200. Hy moet elke tweede dag inkom, dat hulle sy wond kan regmaak en hy moet die antibiotika wat hy vir hom gee drink.
1.201. Dat hy daardie aand verby sy huis sal hardloop.
1.202. Om te kyk of hy nog gesond is.
1.203. Hy sien kinders om die huis saamdrom.
1.204. Meneer Ndou
1.205. Mutsuku, sy hond.
1.206. Want sy hond is dood.

NIE-LETTERLIK

Vraag 2.

2.1. Haastig (hy wil gou daar kom, want hy het die geld nodig-hy wil nie lank in die ry staan nie). Trots (hy wil skoon en netjies wees, sodat hy ‘n goeie indruk kan skep). Georganiseerd (hy het die vorige dag reeds alles gereed gekry)
2.2. Dit is vir hom ‘n hoogtepunt in sy lewe en dis belangrik om sy pensioen te ontvang en wil daarom ‘n goeie en netjiese indruk skep.
2.3. Hulle deel alles, want hulle is beste vriende.
2.4. Hy is baie lief vir Mutsuku en het baie deernis in sy hart vir die hond.
2.5. Hy voel dieselfde oor sy baas.
2.6. Die hond was baie honger en het eintlik nog nie genoeg gehad om te eet nie. Meneer Ndou sou meer gerus gewees het as die hond nie so vinnig geeet het nie, want dit sou beteken dat die hond darem nie honger gely het nie.
2.7. Want hy weet dat Mutsuku nog honger is en dat sy hond nie genoeg kos kry nie en diere verstaan nie sulke goed nie.
2.8. Hy dink aan iets spesifieks (die botteltjie bier)
2.9. ‘n Bier maak ‘n mens ook versadig.
2.10. Die hond staan deesdae al hoe moeiliker op./ Die hond sukkel om op te staan/ Die hondis oud.
2.11. Die pensioengeld wat hy kry is baie min en net genoeg om vir hom en Mutsuku te sorg.
2.12. Die dokter het ‘n baie donker kleur.
2.13. Meneer Ndou sal so na hom verwys omdat dit sy eie etniese groep is waarop hy trots is.
2.14. Sy pels is ‘n rooibruin kleur.

2.15. Hy drink nie baie nie, net op spesiale geleenthede.
2.16. Dit is ‘n baie belangrike dag vir hom omdat hy dan weer geld kry. Hy vier pensioendag deur homself te berf met ‘n bier. Hy sien dit as ‘n ritueel, omdat dit elke maand gebeur.
2.17. Hy is baie arm, want sy pensioengeld is min en kan nie bekostig om ‘n beter blyplek te huur nie .
2.18. Dit is die laaste hap wat hy vat en hy wil hê dit moet deeglik fyngemaal word deur sy tande vir beter absorbsie in sy maag sodat hy die optimum voeding daarvan kan kry en hy wil homself psigies oortuig dat hy genoeg gehad het om te eet.
2.19. Hy kry nooit meer as die gewone porsie per dag nie omdat daar nie veel pap is nie.
2.20. Dit maak mnr. Ndou bly om te sien hoe sy hond die ekstra pap, wat hy kon geëet het waardeer. Die wete dat sy hond minder honger is,maak hom gelukkig.
2.21. Mnr. Ndou het eers in ‘n plek gebly waar daar nie water naby sy huis beskikbaar was nie maar die huur was nie so baie nie. Waar meneer Ndou nou bly, betaal hy meer huur maar hy gee nie om nie omdat hy die gerief van water naby hom het.
2.22. Die vrou is ook verantwoordelik om nie net vir haarself, maar ook vir ‘n paar mense kos te gee.
2.23. Hy het versigtig berekeninge gemaak toe hy die kaia wou huur en uitgewerk dat daar elke maand genoeg geld oor sal wees om vir hom en Mutsuku te sorg nadat hy die huur betaal het.
2.24. Dit is erg genoeg om oud te word en dinge te vergeet maar om nog siek daarby te wees maak dit nog erger.
2.25. Die jolige rit is ironies want die mense is oppad om geld te gaan haal wat hulle nie gaan kry nie en dalk is daar ander mense soos meneer Ndou wat hulle laaste geld gebruik en daar sal nie ‘n rit huis toe wees nie maar eerder ‘n lopie. Die ironie van ‘n hele paar mense is in die feit dat so baie mense geraak was deur die feit dat hulle nie geld gekry het nie ; as daar soveel in die taxi was hovel te meer was die getalle nie van ander mense reg oor die land nie. Die ironie in die sorge van die lewe wat vergeet kan word is dat hulle sorge nou eers begin en dit hou vir ‘n hele aantal maande aan. Die ironie van netnou-netnou loop hulle weer soos ryk mense met note in hulle sakke rond is dat hulle vir maande en maande aboluut niks geld gekry het nie en nie eens so arm soos kerkmuise was nie maar erger as honde gelewe het.
2.26. EIE OPINIE.
2.27. Sodat hy dit nie dalk per ongeluk vir iets anders gebruik nie.
2.28. Die NORM, want taxibestuurders jaag gewoonlik, veral wanneer hulle nie moet nie.
2.29. Die NORM + EIE OPINIE.
2.30. Die mense is baie opgewonde omdat hulle weet dat hulle geld gaan kry, hulle kan amper nie wag nie. As hulle daar wegloop het hulle weer geld.
2.31. Angs, bekommernis, paniek, desperaatheid, ywyfel.
2.32. (Eie antwoord)
2.33. Want hulle is nuuskierig en bekommerd, omdat hulle nie weet wat aangaan nie en hulle wil hoor.
2.34. Almal praat gelyk met mekaar.
2.35. Want hy wil nie hê dat dit waar moet wees nie.
2.36. Die hoop, dat hy wel sy pensioengeld sal kry.
2.37. “ Waar is die geld vir die huur?” “ Waar is die geld vir die kos, wat hy en Mutsuku moet eet ? “.
2.38. Want hy het alreeds by die mense wat voor in die ry was gehoor wat hulle moet doen.
2.39. Die regering gee nie oor die land se pensionarisse om nie.
2.40. Mnr. Ndou wil huil.

2.41. Hy is vies vir homself omdat hy wil huil en hy voel verleë.
2.42. Hy weet nie wat om te sê nie.
2.43. Want hy is bang dat die papier so onetjies lyk dat dit nie ingevul sal kan word nie, wat beteken dat hy weer deur ‘n hele proses sal moet gaan om ‘n nuwe een te kry en hy wil nie hê, dat nat, gekreukelde papiere ‘n slegte indruk van hom moet skep nie. Hy het ook nie tyd of geld om nuwe papiere te gaan haal nie.
2.44. Baie mense het bedrog gepleeg deur geld te gaan haal vir mense wat lankal reeds oorlede was en daarom het die regering versoek dat die mense na ‘n hospitaal toe gaan sodat die dokter kan bewys dat hulle nog steeds lewendig is en dus pensioen kan kry.
2.45. Nee, want baie mense was verontrief deur die besluit. Pensionarisse en gestremdes moes vir maande sonder geld klaarkom.
2.46. Voordele:Hy was reeds daar, so hy het nie nodig gehad om die volgende dag weer die hele ent te stap
nie. Die feit , dat hy sou moes sit en wag, het hom kans gegee om uit te rus en energie op te bou,
voordat hy weer moes stap. Die inligting, wat hy by die klerk gekry het, het hom laat besef, dat hy
eerder vroeg in die oggend daar moet wees, as hy nie so lank wil wag nie.
Nadele:Hy het eers heelwat later by die huis aangekom om na Mutsuku om te sien. Hy het niks verder
by die hospitaal uitgerig gekry nie.
2.47. Die regering beplan nie hulle aksies sorgvuldig nie en stel nie almal in kennis nie en die regering gee nie om nie.
2.48. Hy het vroeëre jare in die hospitaal se tuin gewerk en toe het hy gesien hoe baie lank die mense in die rye wag om gehelp te word.
2.49. Die toestand van die hospitaal het agteruit gegaan, omdat dit nie meer in stand gehou word nie.
2.50. Hy vertrou Madiba se regering nie meer nie, omdat hulle duidelik nie die beloftes wat hulle gemaak het nakom nie. Daar was vir almal huise, geriewe en kos belowe en nou gebeur dit gereeld, dat hulle nie eers hulle pensioengeld kry nie. Die vorige regering was anders maar ten minste het hulle na die mense gekyk.
2.51. Want hy is moeg en moes baie druk op sy liggaam plaas om so ver te kon stap.
2.52. Hy voel moedeloos en depresief en weet nie wat om te doen nie.
2.53. Die hond is honger en wag, dat mnr. Ndou vir hom moet kos gee.
2.54. Daar is min bome in die woonbuurt oor, omdat al die bome al deur die inwoners afgekap is vir persoonlike gebruik. As jy ver genoeg kan loop om bome te soek om jou eie hout te gaan kap, hoef jy nie daarvoor te betaal nie. Indien nie, moet jy hout koop.
2.55. Hy het nie geld gekry nie, so nou kan hy nie gaan pap koop nie en moet dus versigtig werk met die kos wat hy het.
2.56. Hy het wakker geword, omdat hy honger is.
2.57. Gewoonlik moet hy vir ontbyt wag, omdat hulle nooit so vroeg eet nie. Hy verstaan nie hoekom hulle so vroeg eet nie.
2.58. Baie vroeg want die taxi’s begin al voor sonop ry; so vyfuur se kant.
2.59. Dit is tipies van die regering – hulle gee nie om nie en is glad nie haastig om dinge uit te sorteer nie.
2.60. Daar is te min pap vir hom en Mutsuku. Mutsuku eet nie avokado’s nie.
2.61. Omdat sy in dieselfde posisie as meneer Ndou is, verstaan sy waarom hy haar nie kan betaal nie en het sy begrip daarvoor.
2.62. Meneer Ndou sou ook graag self van die pap wou eet, omdat die avokado’s nie heeltemal sy honger stil nie, maar omdat Mutsuku nie avokado’s eet nie, gee hy eerder die pap vir Mutsuku. Op die manier het albei kos om te eet.
2.63. Hulle is sonder energie (voel swak) en verloor gewig.

2.64. Hy sou verder moes stap om by die hospitaal uit te kom en hy het nie die energie (liggaamskrag) daarvoor nie en hy is al oud en swak.
2.65. Almal word slegs 'n datum gegee en weereens nie regtig gehelp nie.
2.66. Ja, want die persoon is onpersoonlik, doen net sy werk en help hom nie werklik nie. Die hulp wat die persoon bied los nie sy probleem op nie.
2.67. NTK is 'n lanbou-organisasie in Limpopoprovinsie wat besigheid met alle landbouers in die provinsie doen deur die voorsiening van landbouinsette en toerusting om sodoende waarde toe te voeg tot alle landbou aktiwiteite. Die Handels- en Meganisasietakke is wel bekend onder die huishoudelike naam van NTK. Limpopo Graan is 'n afdeling van NTK Limpopo Agric wat boere ondersteun in graan hantering en berging. Hulle bied ook hulp aan boere, groepe en individue wat finansieël sukkel.
2.68. Want hulle het ook nie meer kos nie.
2.69. Hy kon nie vir Mutsuku optel nie, want hy het te seer gehad, maar moes hom kon warm hou, daarom het hy langs hom op die grond gaan lê en die kombers oor hulle albei gegooi.
2.70. Kinders van vandag het nie meer respek vir volwassenes of bejaardes nie.
2.71. Hy is protagonisties in die opsig dat hy meneer Ndou help maar antagonisties omdat hy die seuns dreig met mishandeling.
2.72. Hy is die enigste een wat meneer Ndou werklik op 'n besorgde manier help en sy beloftes aan meneer Ndou nakom. Sy is jonk en baie besorgd.
2.73. Sy is 'n vrou en vrouens het meer simpatie en sy is jonk en sal dalk omdat sy respek vir ouer mense het dit vir hom gee.
2.74. Want hy het emosioneel seer, omdat hy bekommerd is oor sy hond en moedeloos is, omdat hy nie teenoor iemand kan oopmaak nie en omdat hy nie reg eet nie.
2.75. Hy is diep seergemaak oor die feit dat hy nie geld gekry het nie en dit het aanleiding gegee tot dit wat met Mutsuku gebeur het.
2.76. Hulle het hom stukkend geslaan, sodat daar oop wonde was.
2.77. Hy is baie lief vir sy vriend en is bang hy gaan dood en hy het nie geld om Mutsuku veearts toe te neem nie en kan hom ook nie hospitaal toe vat nie, daarom probeer hy vir homself antibiotika kry, wat hy vir Mutsuku kan gee.
2.78. Hy het die antibiotika te laat begin drink.
2.79. Ja, want Mutsuku het nie eers meer die krag of energie gehad om te kan eet nie.
2.80. Want hy was slegs bekommerd oor sy hond en het daarom nie aandag aan homself gegee nie.
2.81. Hy sal nie by die huis wees om na Mutsuku te kyk nie en Mutsuku kan nie na homself kyk nie. Daar is ook niemand anders wat weet dat sy hond siek is, wat hy kan vra om na hom te kyk nie. Meneer Ndou is bang, dat Mutsuku sal doodgaan as hy nie na hom kyky nie.
2.82. (Eie antwoord)
2.83. Meneer Ndou is absoluut verskeur en sy hart het gebreek omdat sy getroue vriend soos is. Hy huil so erg dat daar nie 'n geluid uit sy mond kom nie.
2.84. Dit is die toestand waarin die liggaam verkeer, wanneer dit al 'n geruime tyd dood is.

VORMASPEKTE

Vraag 3.

3.1. Alomteenwoordige verteller. (1)
3.2. Die spesiale verhouding tussen diere en mense. Hoe mense in magsposisies se besluite mense se lewens beïnvloed. Die effek van selfhebsug op ander mense. Hoe verkeerde besluite kan lei tot ander mense se verdriet. (2)
3.3. Morbied, neerdrukkend, depresief, desperaat, empaties, wanhoop. (1)

3.4. “krap hy die een helfte in sy bord en die ander helfte in Mutsuku s’n. Eers kry die ou hond ‘n vryf tussen die ore, wat die stert so ‘n keer of wat laat beweeg, dan word die bord voor hom neergesit.”
“Hy kou lank aan die laaste hap wat hy vir homself afgemeet het en sit dan die res voor die hond se snoet neer.
“Noudat die tweede bord ook skoon is, word albei gou deeglik gewas.”
“Was dit nie vir Mutsuku nie, sou hy nou net 'n avokado gepluk het en geëet het.”
“Maar die ou hond lê vir hom en kyk. Daarom staan hy op en begin weer die vuur aan die gang kry.”
“Mutsuku raak al hoe maerder en dit maak hom baie bekommerd.”
“Daardie aand eet hy en Mutsuku weer saam.”
“Daarom gooi meneer Ndou maar sy komberse op die vloer en krul styf teen sy getroue vriend vas.”
“Hy loop terug en probeer vir Mutsuku stukkies van sy avokado voer, maar dit lyk nie asof die hond veel erg het daaraan nie.”
“Sy kyk en vra uit, maar hy wil nie sê dis vir Mutsuku nie.”
“Hy oorweeg dit vir 'n oomblik om die dokter te vertel van sy vriend, maar besluit om maar die vitamienpille vir hom te probeer ingee.”
“Maar na drie onrustige nagte lyk Mutsuku baie slegter. Na 'n lang dink kry meneer Ndou 'n goeie plan. Hy gaan soek 'n skerp kantjie aan sy huis se plate en sny sy voorarm vir so vyf sentimeter ver oop. Hy doop daarna sy vinger in die etter wat uit sy vriend kom en smeer dit deeglik in sy eie wond.”
“Baie tevrede gaan hy terug huis toe en bietjies vir bietjies voer hy dit vir sy hond.”
“Hy sit ook 'n bordjie voor Mutsuku neer, hoewel hy weet dat die hond dit waarskynlik nie kan eet nie.”
“Plat op die grond sit die ou man. Sy kop is kaal en hy huil geluidloos. Net die trane stroom by sy oë uit, en sy mond is vertrek in uitroepe wat nie uitkom nie. Op sy skoot lê die ou hond se kop. Die dokter kan sien dat rigor mortis al ingetree het.” (10)

3.5. Bedrog is die oorsaak dat die regering nie meer pensioen aan die oumense en gestremdes wil betaal nie totdat hulle hulle identiteit kan bewys by ‘n hospitaal. Die gevolg is dat baie mense soos meneer Ndou swaarkry wat die oorsaak is dat NTK mieliemeel aan die mense skenk. Die gevolg hiervan is dat meneer Ndou beroof word en sy hond, Mutsuku, in die proses beseer word. Dit versoorsaak dat meneer Ndou homself probeer om antibiotika te kry deur eerstens te jok en daarna homself te beseer. Die gevolg is dat hy wel antibiotika kry maar dit is te laat en die oorsaak hiervan is dat sy hond doodgaan. Die gevolg hiervan is dat meneer Ndou sy beste vriend verloor en met ‘n gebroke hart sit. (10)

3.6. Dit is ironies dat die regering wat soveel beloftes aan die miljoene gewone mense soos meneer Ndou gemaak het om hulle stemme te kry juis die organisasie is wat die mense die meeste laat swaarkry. Die mense is belowe dat alles vry en regverdig sal wees en dat lewensstandaarde sal verhoog, Die teendeel is eintlik waar; die mense wat juis afhanlik van die regering is vir finansies en mediese sorg moet in elle lange rye staan om om ‘n swak diens van onpersoonlike mense te kry wat altyd laat is. Die kondisies van die departemente waar die mense diens moet kry is ook haaglik. Die huise wat die mense belowe is realiseer ook nie en baie mense lewe nog in kaias soos meneer Ndou. Die geld wat die mense belowe is, is ook nie veel nie en die mense kan skaars kop bo water hou met die karige pensioen wat hulle kry. (10)

3.7. “Meer as ‘n uur gaan verby voor dit amptelik oopmaaktyd is en nog ‘n halfuur gaan verby voordat die betaalmense daar opdaag. Dit vat nog 'n goeie klompie

minute voordat die vensters oopgemaak word en mense begin vorentoe druk. Daar is elke oggend so ‘n afwagting wanneer jy weet jou sakke bult netnou weer. Dis nie lank nie, of ‘n geraas klink op daar voor. Almal beur nog ‘n bietjie vorentoe om te hoor wat aangaan. Baie gou kom die woord met die ry langs af: Hulle sê daar is nie geld nie. Nou gons dit behoorlik.”

“Meneer Ndou bid vinnig boontoe dat dit verkeerd is. Dalk kom die geld nog. Dit kan tog nie wees nie! Waar is die geld vir die huur? Waar is die geld vir die kos wat hy en Mutsuku moet eet?”

“Nee, hier kom die mense nou van voor. Hulle loop nie en note tel nie, hulle het net wit papiere by hulle. Hoe moet ek eet van 'n wit papier wat in my hand is, dink meneer Ndou. Wanneer hy voor kom, sê die man agter die toonbank nie eens meer wat om te doen nie. Almal weet al teen die tyd hulle kry vandag niks, jy moet eers die wit papier na die hospitaal vat, dan sal hulle dit invul, dan bring jy dit terug, dan doen jy van voor af aansoek. Hy vat die papier by die man en vra: “Hoe lank gaan ons moet wag?”

Die jong man agter die toonbank trek net sy skouers op en probeer ‘n wit vorm verby die oubaas druk na die vrou wat volgende in die tou is.”

“By die hek weet hulle niks van die papiere af nie, behalwe dat ander al gevra het. Die tou by buitepasiënte is lank, maar hy is dankbaar vir die skadu’tjie wat dit so ‘n bietjie koeler om hom maak.”

“Die man agter die toonbank sê hy weet van baie ander wat al kom vra het, maar die hospitaal weet nie van die vorms nie. Hy kan ‘n nommer kry, dan sal die dokter hom sien as hy wil.”

“Weer word hulle weggewys. Die dokters het nog geen inligting gekry van hoofkantoor in Pietersburg nie, sê die man agter die toonbank. “Kom volgende week weer terug.” Weer word hulle weggewys. Die dokters het nog geen inligting gekry van hoofkantoor in Pietersburg nie, sê die man agter die toonbank. “Kom volgende week weer terug.”

“Na omtrent 'n uur beweeg hy in die skaduwee van die gebou in. Daarna is dit nog so 'n halfuur voor hy gehelp word. Maar ook dit is 'n skim, besef hy toe iemand agter die toonbank vir hom 'n papiertjie gee en sê: “Jy kan eers hierdie dag gesien word. Kom dan terug en moenie laat wees nie.” Hy kyk op die papiertjie. Hy kyk weer: “Maar hier staan ek kan eers April gesien word!” sê hy. “Ja,” sê die vrou. “Kom dan terug.” “Maar dis nou Januarie se pensioen wat ek mis! Dan Februarie, dan Maart ... Dan eers in April ...”

“Ek weet. Gaan nou,” sê die vrou.” (10)

3.8. Bespreek die protagoniste en die antagoniste in die verhaal. Sê wie hulle is en hoekom. (10)